

# N.G. Gemeente Vaalpark

## Gebedsbulletin no 28

**9 Julie 2023**

**Die WAARHEID**
**(vervolg)**

**Kyk altyd na die Skrif**
Die volgende teksverse (Matt 10:24-25; Joh 15:18-20) beklemtoon dat sommige mense ons sal liefhê omdat hulle ons lewens sien, omdat hulle na Jesus aangetrek word en omdat hulle ook hul harte vir Hom oopgemaak het. Ander sal ons haat omdat ons godvrugtige lewens hulle afstoot, ons morele standaarde hulle nie aanstaan nie en hulle Jesus om die dood nie wil aanneem nie. Ongeag hoe verdraagsaam ons is, sal hulle ons brandmerk as dwepers, haters of erger.
**Hoe lyk so 'n kerk?**
Prakties gesproke beteken dit dat die jong, dwelmverslaafde, ongelowige egpaar wat saamwoon, steeds welkom en geliefd behoort te voel wanneer hulle by een van ons dienste instap. Hulle moet mense ontmoet wat vol vreugde is, wat bly is om nuwe gesigte te sien en wat hulle sal hanteer asof hulle familie is.
As die Evangelie verkondig word en die Heilige Gees werksaam is, sal die nuwelinge tersefdertyd in 'n stadium bewus word van hulle sonde en berou kry. Hulle sal hulle wil bekeer en deur die kruis genade en vergifnis ontvang.
As hulle egter steeds elke week kan aanhou kom sonder om ooit ongemaklik te voel of onder sondebesef te kom; sonder om ooit die heiligheid asook die liefde van God teë te kom, skort daar iets daadwerklik met die kerkbyeenkomste.
**Sonde is nooit gemaklik in die teenwoordigheid van die Heilige Gees nie**
Soos Jesus gesê het, die Heilige Gees, sal "die wêreld oortuig van sonde en van geregtigheid en van oordeel…" (Joh 16:8). Die Heilige Gees sal openbaar wat verkeerd is sodat ons regverdig gemaak kan word.
**Neem standpunt in vir die waarheid**
Laat ons dus ons bes doen om kerke en gemeenskappe te hê wat die ongekerktes sal liefhê, maar nie ten koste daarvan om die waarheid duidelik en met deernis te praat nie. Onthou: As ons getrou aan Jesus, getrou aan die Woord en getrou aan die Gees is, sal sommige ons liefhê en ander ons haat. Dit is onvermydelik. – dr Michael Brown

**Dankbaarheid!**

- **Vir die Woord, om ons deur die Heilige Gees in waarheid te lei.**
- **Dat die Woord ons vrymaak van misleiding!**
- **Dit is 'n betroubare word:**
  **As ons saam met Hom gesterf het, sal ons ook saam met Hom lewe;**
  **As ons in die geloof volhard, sal ons saam met Hom regeer;**
  **As ons Hom verloën, sal Hy ons ook verloën;**
  **As ons ontrou is – Hy bly getrou: Hy kan Homself nie verloën nie.**

**2 Tim 2:11-13**

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir ons skoliere en studente wat almal met vakansie is.
- Vir Eskom, water krisisse, onrus en nood agv natuurrampe..

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie
- Maria Steyn
- Oom Sampie Swart
- Jaco Steenkamp
- Tannie Marinda Jordaan
- Stefaans du Plessis
- Annika Killian
- Leonie Kruger
- Baba Handré Kotzé
- Petrus Venter

Cedric Wiegand
Ria Putter
Tannie Martie de Beer
Monty Pienaar
Heleen Lamont
Piet Venter
Sumari Pretorius
Piet Venter
Albert Glockzin
Oom Willie en tannie Dezi

**Gedagte vir die week**

**Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en ‘n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome toegerus sal wees vir elke goeie werk. (2 Tim 3:16-17).**

**Stuur Gebedsversoeke aan:**

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org